**28 September** **Skrifgedeelte: Matteus 27:15-26**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 21**

## Jesus Christus het as regverdige gely

Claudia Prokula was Pilatus se vrou. Wanneer haar man vroegoggend weggeroep word vir Jesus se verhoor sluimer Claudia nog ’n bietjie in en droom. Dit word ’n “vreeslike droom”, ’n nagmerrie oor Jesus waarin Claudia baie ly (vers 19 – OAV). Die inhoud van die droom is onbekend, maar die resultaat van die droom is duidelik. Te midde van al die vals aanklagte word ook Claudia se getuienis oor Jesus deur die regter gehoor: Hy is ONSKULDIG, Hy is ’n “regverdige man” (vers 19 – OAV). So sorg God deur ’n droom dat die Lam wat geslag word rein verklaar is.

Claudia ontdek dus die waarheid! Dit is ’n waarheid wat ’n kosbare skat is en waarin haar eie saligheid opgesluit lê. Die vraag is egter: Wat maak sy met hierdie waarheid? Sy hanteer dit bygelowig. “Moet tog niks met hierdie onskuldige man te doen hê nie,” laat weet sy vir Pilatus (vers 19). Claudia glo nie. Die geloof “OMHELS Christus en al sy weldade” (NGB, Art 22); die bygeloof wil met Jesus en sy weldade niks te doen hê nie.

Ja, dis ’n nagmerrie as ’n mens begin ontdek hoeveel Jesus vir jou sondes moes ly; sy onskuld in die plek van jou skuld! Hanteer dus sy onskuld gelowig. Aanvaar dankbaar sy volle betaling vir al jou sondeskuld. Sorg veral dat jy Hom volg! Ja, sorg dat jy ook vandag ALLES met Hom te doen het!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~